Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

DRESS UP!!

Inleiding 3 – Verandering in Perspektief

Efesiërs 6:10-12 Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.

_____

_____

Efesiërs 6:11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.

_____

_____

Efesiërs 6:12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.

_____

_____



2 Korintiërs 5:16-21 Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. [17]Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. [18]Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. [19]Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. [20]Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! [21]Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.

_____

_____

_____

_____

Efesiërs 3:7-8 Van hierdie evangelie het ek 'n dienaar geword, 'n voorreg wat God in sy genade aan my gegee het deur sy krag in my te laat werk. [8]Hoewel ek die geringste van al die gelowiges is, het Hy aan my hierdie voorreg gegee om aan die heidennasies die evangelie van die onpeilbare rykdom van Christus te verkondig.

_____

_____

_____

Share Life, Truth, Freedom, Forgiveness, Hope

Share the Gospel

Ander Skrifgedeeltes: 1 Korintiërs 2:14-15; 2 Korintiërs 5:16; Jakobus 4:7; 1 Korintiërs 10:13; Johannes 10:10; 1 Petrus 5:8; Johannes 20:21; Matteus 28:19-20

NEEM KENNIS

MY STORIE

Ons sal graag wil hoor watter impak hierdie kerk/bediening al in jou lewe gemaak het. Daar is krag daarin om jou eie storie met ander mense te deel. Dit bou jou geloof asook ander mense s'n. As jy graag met ons wil deel watter impak die kerk, of 'n preek, of 'n reeks in jou lewe gemaak het, email jou getuienis vir ons na mystorie@kerk.co.za. Ons wil graag van hierdie getuienisse gebruik in 'n opkomende reeks.

MANNE AAND: Maandag 4 Februarie om 18h00

Ons nooi graag alle manne na die mannebediening wat elke eerste Maandag van die maand is. Kom word weer opnuut gevul deur die Here by die mannebediening PITSTOP. By hierdie geleentheid sal ons 'n inleidend bespreking hê oor Aspanne, wat dit behels en hoe dit 'n belangrike invloed in elke man se lewe kan hê. Reeds omdat hierdie spanne 'n belangrike deel van 'n man se ontwikkeling kan hê wil ons die geleentheid skep waar elke man by so span kan aansluit. Navrae: Carel: 0829090296 of Rudi: 0826956658.

DOOP INLIGTINGSAAND: 7 Februarie om 18h30

Dalk dink of wonder jy oor die doop. Dalk het jy besluit om gedoop te word of wil jy net van jou vrae beantwoord hê. Ons hou Donderdag, 7 Februarie, om 18h30, 'n inligtingsaand by die kerk oor die doop om juis hierdie vrae te beantwoord en jou te help verstaan wat ons as kerk glo oor die doop. Indien jy dit wil bywoon, kan jy jou naam opgee by Magda by die kerkkantoor: 051 451 1017 of magda@kerk.co.za.

LESOTHO UITREIK: 21-24 Februarie

As 'n kerk is ons betrokke by 'n klein gemeente geleë tussen die berge in Lesotho. Pieter en Erika Malan en hulle span besoek hulle gereeld om te saai en te bou aan hulle gemeenskap. Hulle wil jou graag saamnooi om deel te wees van God se werk daar. Ons eerste besoek aan die gemeente by Polihali vir die jaar sal wees van Donderdag 21 Februarie tot Sondag 24 Febr. Ons vertrek Vrydagmiddag na werk en kom die Sondagaand weer terug. As die Here dit op jou hart druk om saam te gaan, kontak ons vir meer inligting by 0722915683. ***Sluitingsdatum: 8 Februarie 2019***

VOORHUWELIKSKURSUS: 1-2 Maart

Is jy verloof of beplan jy om binnekort te trou? Ons wil jou graag voorberei vir jou huwelik en hierdie is die geleentheid vir jou. Ons volgende voorhuwelikskursus is 1-2 Maart. Dit begin die Vrydagaand om 18h-21h00 en die Saterdag van 8h13h en word deur Petrie Spies en sy vrou aangebied. Die kostes is R150 per paartjie. Vir meer inligting of om jou naam op te gee kontak gerus vir Magda by die kerkkantoor 0514511017 of magda@kerk.co.za.

WORD DEEL

BYBELSKOOL: Donderdae 9h00

Donderdae oggende om 9h00, in die Moederskamer aan die ooste kant van die kerk, werk mense sistematies deur die boeke van die Bybel met die hulp van Unlocking the Bible. Navrae: Helena Bam 0843515855.

T.i.C. – Teens In Christ

T.i.C. is ons tienerbediening by die kerk. Ons kom elke Vrydag aand om 17:30-19:30 bymekaar by die kerk. Kom geniet dit saam met ons en bou verhoudings met ander tieners. Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

GROEP VIR 18-30's: Dinsdae 19h00

Daar is 'n groep vir studente en jong werkendes van 18-30 jaar wat op Dinsdae aande 19h00 bymekaar kom in die Jeugsentrum. Kontak vir Willie de Beer vir meer inligting: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

iCONNECT

Indien jy êrens wil inskakel, nuut is of meer inligting oor die gemeente wil hê; is jy welkom om na die diens met die span by iConnect te gesels wat vir jou al die inligting sal gee. Kyk uit vir die iConnect baniere in die **voorportaal van die kerk**.

Indien jy graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te ontvang, vul asseblief die "Aangename Kennis" kaartjies in tussen die stoele en banke. Jy kan dit ingooi in die houtposbusse by al die deure van die kerk. Ons kontak jou gerus deur die week net om te groet!

Memoriseer Vers vir die Week:

"Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is."

1 Johannes 4:4